Die Afrikaanse Klub van Nieu-Seeland
PO Box 300 674
Albany
Auckland
Klub tel. (09) 478 2291
E-pos: Die.Afrikaanse.Klub@clear.net.nz
Webblad: www.afrikaans.org.nz

8 November 2003

# Voorsitter se Jaarverslag - 2003

## 1. ***Inleiding***

Gedurende November 2002 is 'n nuwe Bestuurskomitee (BK) tydens Die Afrikaanse Klub van Nieu-Seeland se Algemene Jaarvergadering verkies. Die lede was:-

*Philip Langenhoven (Voorsitter)*
*Carla van der Kooij (Tesourier)*
*Leonie Peters (Sekretaresse)*
*Carl Broekman (Sosiale Koördineerder)*
*Albert Bredenhann ( IT-Raadgewer)*
*Andre Joubert (Strategies)*
*Christo Minnie (Addisionele Lid)*

Gedurende die jaar het praktiese oorwegings die Bestuurskomitee (BK) genoop om skommelings en koöpterings te doen. Deon Thuynsma is in 'n nuwe portefeulje van "Afrikaanse Taalprojekte" gekoöpteer. Na Albert Bredenhann se bedanking na enkele maande, is André Joubert tot die rol van IT-Raadgewer gekoöpteer. Ook is besluit om – weens die omvang van die KiwiKasie Kunstefees hierdie rol uit "Sosiaal" te verwyder en afsonderlik as portefeulje staan te maak. Carel Broekman het die nuwe rol aanvaar. Intussen is Marius Rothmann gekoöpteer om Carel se rol by "Sosiaal" oor te neem.

Verlede jaar het die BK twee groot prioriteite gestel, wat vanjaar verdere aandag moes kry: Die Klub se **beeld** en **finansies**.

Waar Die Afrikaanse Klub voorheen voor groot uitdagings te staan gekom het wat betref sy beeld, groei, finansies en fokus, was die BK dit eens dat groot vordering op hierdie gebied gemaak is en dat dit maar net volgehou moes word. Oral was die seine daar dat die beeld van die Afrikaanssprekende in Nieu-Seeland met groot spronge verbeter het. Dit raak vir die Afrikaanssprekende al makliker om homself goed in sy nuwe omgewing te vestig. Weens al die pro-aktiewe werk – veral ook deur die opregte uitreiking na en deelname aan die Kiwi- en multi-kulturele gemeenskap om ons - was almal dit eens dat dit al makliker vir ons word om ons identiteit in die nuwe land te behou en terselfdertyd groter aanvaarding op alle vlakke te beleef.

Verlede jaar se puik groei in die finansiële basis van die Klub is vanjaar herhaal. Die Klub se finansies moet gesond bly, sodat groter en meer ambisieuse projekte aangedurf kan word. Dus is voortgegaan met die besigheidsbenadering rondom alle

projekte, hoewel dit nooit uit die oog verloor is nie dat die Klub vir ‘n sekere gemeenskap werk en ook diens moet lewer. Die BK poog steeds om billike toegangsfooie vir projekte te vra.

# 2 ***Aanpassing van Klub se Grondwet***

Dit was die Bestuurskomitee se oortuiging dat die bestaande Klubgrondwet – wat tot ‘n groot mate is soos wat dit tydens die Klub se stigting opgestel is – groot aanpassings, uitbreidings en modernisering nodig het. Gevolglik is die voorgestelde aanpassings deeglik bespreek en uiteindelik, na konsensus binne die BK bereik is, aan die Klublede voorgehou, 60 dae voor die Algemene Jaarvergadering, soos deur die huidige grondwet voorgeskryf. Die aangepaste weergawe moet nog deur die ledebasis by die Algemene Jaarvergadering goed- of afgekeur word.

# 3. **Klubprojekte**

Die volgende Klubprojekte is aangepak, met inbegrip van die Klub se drie fokusgebiede: Ons gesinsfokus, kunstefokus en uitreikfokus.

## 3.1 **Oujaarsdans**

Tussen 300 en 400 mense het ‘n heerlike dans op die North Shore van Auckland bygewoon en tot baie laat gekuier om 2003 te verwelkom. Hierdie informele gesinsgeleentheid is baie gewild.

## 3.2 **Verskeidenheidskonsert** met die **Auckland City Dukes**

Die Afrikaanse Klub het kennis gemaak met Riedewaan Waggie, voorheen van Kaapstad. Hy het die Klub genader om advies te kry rondom sy droom om ‘n “troep” van “Kaapse Klopse” in Nieu-Seeland te begin. Sy droom is bewaarheid toe hy die “Auckland City Dukes” kon stig en so ‘n stukkie unieke Suid-Afrikaanse kultuur in Kiwiland kon vestig.

Die Afrikaanse Klub het besluit om hulle met ‘n hupstoot te ondersteun, deur ‘n verskeidenheidskonsert op 30 Januarie 2003 aan te bied en te organiseer. Heelwat plaaslike Afrikaanse talent het in die voorprogram opgetree, soos Carla van der Kooij, AfriCapella mannesangroep, Pat Samson, Dewald Kritzinger en Renier Lee, asook die jonge Ilana de Villiers. Jurie Els, wat toe in Nieu-Seeland was, het ook ingewillig om in die voorprogram op te tree.

## 3.3 **Stalletjie by Afrikafees in Howick, Auckland**

Die Klub het op Saterdag, 1 Februarie - soos verlede jaar - die Afrikafees op Howick bygewoon en ‘n dubbele stalletjie daar opgerig. “Jaffels", koeldrank, Suid-Afrikaanse musiek-CD's is verkoop en algemene bemarking is gedoen. Hierdie fees word jaarliks deur 'n Kiwi-winkelsentrum, die Howick Village in Howick, aangebied. Enige Afrikaland wat in Nieu-Seeland verteenwoordig word, kan daar uitstal.

## 3.4 **Dagstap by Okura**

‘n Dertigtal mense het op Saterdag, 15 Maart 2003 die klompie ure te voet tussen Okura en Still Water – net noord van Auckland – op ‘n heerlike sonskyn-Saterdag afgelê. Dit was baie gesellig en opbouend vir die gesinne wat deelgeneem het.

## 3.5 Fliek: "Die storie van Klara Viljee"

'n Veertigtal mense het op Saterdag, 10 Mei 2003 in Richard en Annelien Piechazek se huis bymekaar gekom en op die "groot (TV)-skerm" 'n ou bekende Afrikaanse rolprent, "Die storie van Klara Viljee", geniet. Natuurlik is daar eers geëet, danksy die borg en kok van 'n Duitse dis, Richard Piechazek.

## 3.6 Randall Wicomb se Kiwitoer

Hoewel die Klub nie Randall Wicomb se toer na Nieu-Seeland moontlik gemaak of gereël het nie – die Afrikaanse Christen Kerk van NS het dit gedoen – het die Klub wel aangebied om vir Randall 'n verdere toer (buite Auckland) te fasiliteer. Dit het aan die einde van Julie 2003 plaasgevind. Ons het nie elke individuele optrede gereël nie, maar wel gereël dat verskillende sentra in Nieu-Seeland ook Randall-konserte organiseer. Die Klub het ook die res van die toer se algemene logistiek help koördineer.

## 3.7 Sop-en-Vetkoek-Winterdans

Ons mense hou maar van hul dans. Dit was ook nie anders nie met vanjaar se tradisionele "Sop-en-Vetkoek-Winterdans" op 26 Augustus 2003. Tussen 300 en 400 mense het opgedaag en 'n koue winteraand lekker warm gemaak met heerlike dans, kos en goeie geselskap. Van die Kiwi-maats wat saam met Afrikaanse gesinne opgedaag het, was baie beïndruk met die manier waarop kinders en volwassenes in ons kultuur so gemaklik saam kan dans en sosiaal verkeer. Baie dankie aan Marius en Lydia Rothmann, vir hul werk.

## 3.8 Afrikaanse Taalprojekte

### 3.8.1 Afrikaanse Boekeprojek

Onderhandelings wat twee jaar gelede met die Browns Bay-biblioteek in Auckland gevoer is, het vanjaar werklikheid geword, toe die biblioteek ingewillig het om 'n Afrikaanse boekrak te begin.

Onderhandelings wat die Klub vroeër met die ATKV in Suid-Afrika gevoer het, het daarop uitgeloop dat hul besigheidsonderneming, LAPA-Uitgewers, net meer as 200 boeke aan die Klub geskenk het. Die biblioteek is tans besig om die boeke te verwerk. Dit rak sal binnekort geopen word.

### 3.8.2 Afrikaanse Skryfkompetisie

'n Ideaal wat die Klub lankal gehad het, is vanjaar uitgevoer, deurdat 'n Afrikaanse Skryfkompetisie van stapel gestuur is. Meer as $1,000 is uit Klubfondse bewillig vir prysgeld in 4 verskillende ouderdomskategorieë. Meer as 20 inskrywings is in hierdie eerste kompetisie van sy soort in Nieu-Seeland ontvang, en die wenners se standaard was verrassend hoog.

Hoewel 'n volwasse kategorie ook bestaan, is dit die Klub se doel om die kinders en tieners wat nog Afrikaans kan praat en skryf, aan te moedig om dit te behou, maar ook om ander aan te moedig om te probeer. Ons vertrou dit sal uitbrei tot 'n groter projek. Baie dankie aan Susan Huysamen vir haar ondersteuning met hierdie projek.

## 3.8.3 Kuns-op-Rym Kompetisie

Die Klub se eerste kunskompetisie is geloods, ook vir alle ouderdomme. ‘n Afrikaanse rympie was die spilpunt vir elke ouderdomsgroep se tema, wat geïnterpreteer en geskets moes word. Talle goeie tekeninge is ontvang. Prysgeld het ongeveer $600 bedra. Die Klub glo dat ook hierdie projek volgende jaar uitgebrei sal word. Baie dankie aan Geraldine Pieterse vir die harde werk aan hierdie projek.

***Die BK dra ook hul groot dank oor aan Deon Thuynsma, vir oorhoofse koördinering van hierdie drie “Afrikaanse Taalprojekte”.***

## 3.9 KiwiKasie Kunstefees 2003

**KiwiKasie**, die groeiende en gewilde kunstefeesdag van **Die Afrikaanse Klub van Nieu-Seeland** is vanjaar vir die derde keer aangebied. Dit was vanjaar heelwat groter – en duurder! - as verlede jaar se fees. Vanjaar het die Klub ook ‘n samewerkingsooreenkoms met die East Coast Bays Community Project aangegaan, wat baie vir die Klub en die projek se aansien beteken het. Die Klub het ook ‘n borgskap (“grant”) van die staat ontvang, by name “Creative NZ”, ter waarde van $2,000.

Die BK het besluit om die geslaagde resep van die afgelope drie jaar weer te gebruik, naamlik om die feesdag in twee dele aan te bied: die “Rimpelfees”, ofte wel die multi-kulturele feesdag en die “Hooffees”, ofte wel die Afrikaanse musiekaand.

Die Rimpelfees bars uit sy nate en het weer ‘n groot verskeidenheid van ander kulture uitgestal en met ons Afrikaanse kultuur vermeng. Vanjaar is die kunswerkwinkels uitgebrei en het oud en jonk iewers by werktafels gesit en geleer hoe om sekere kunswerke te vervaardig. Vir die eerste keer is twee verhoë gelyktydig bedryf.

Jannie du Toit en Christa Steyn, een van Suid-Afrika se mees beminde en ervare Afrikaanse musiekpare, was die Klub se trekpleisters vir KiwiKasie se hoofoptrede op 5 Oktober in Auckland, tesame met ander plaaslike Afrikaanse talent, waaronder AfriCapella, ‘n nuwe vroue-sanggroep, Umoya, Janine Nel en Wachiela Carr, die Auckland City Dukes en ‘n ad hoc saamgestelde, lawwe groepie, die Vaaljapies.

Vanjaar se Kunstefees het ‘n uitgawebegroting van meer as $16,000 gehad. Daarom is ons borge so belangrik vir die Klub, maar meer oor ons borge later.

Kiwi’s wat die fees bygewoon het, sien KiwiKasie al meer as ‘n ankerprojek op die North Shore se kalender van openbare feeste, veral ook wat betref sy multi-kulturele benadering. Die groot aantal positiewe berigte daaroor in die media getuig ook hiervan.

‘n Besondere woord van dank aan die “driemanskap” van Carel Broekman, Erika Langenhoven en Carla van der Kooij vir die puik wyse waarop julle jul unieke talente ingespan het om van KiwiKasie die groot sukses te maak wat dit is. Ons weet dat dit - tussen julle - letterlik duisende vrywillige ure vereis het.

# 4. ***Ander Projekte***

## 4.1 Braai vir "Soweto String Ensemble"

'n Braaivleis is op 7 Desember 2002 aangebied, as 'n verwelkomingsfunksie vir 19 jong klassieke kunstenaars van Soweto, Suid-Afrika wat in Nieu-Seeland op toer was. Hulle is meestal tienderjariges en die meeste van hulle het brandarm grootgeword, totdat 'n gemeenskapsprojek hul talent raakgesien, hulle betrek en begin oplei het. Hulle is baie goed en gewild en het ook al ander internasionale toere onderneem. Baie dankie aan Fanie Aucamp vir die harde werk met die braaivuur en kos.

Behalwe vir die braaivleis, het die Klub ook aan hulle 'n borgskap toegestaan om vir hulle kos te voorsien vir 'n weeklange kamp wat hulle bygewoon het. Die Klub het ook gehelp om slaapsakke te organiseer.

## 4.2 Fasilitering van die stigting van sanggroepe

Die Klub het vanjaar die stigting van twee sanggroepe gefasiliteer en geïnisieer: Die Umoya-sanggroep vir dames en die "Vaaljapies", 'n satiriese groep, wat 'n eg-Afrikaanse kultuur oordra. Albei groepe het by KiwiKasie se Afrikaanse Hoofaand opgetree.

## 4.3 Promovering van openbare Kiwi-geleenthede

Talle Kiwi-funksies en gemeenskapsprojekte soos feeste, konserte en opvoerings is deur Die Afrikaanse Klub gepromoveer. In sommige gevalle het ons ook koördinering van kaartjieverkope gedoen.

# 5. ***Bemarking***

5.1 Die Klub se **Promosiepamflet** is herontwerp en vir die eerste keer in volkleur gedruk. Dit word by elke funksie van die Klub versprei. ('n Beknopte Engelse weergawe word ook beskikbaar gemaak, sodat Kiwi's beter insig het.)

- 'n Spesiale projek is aangepak om die promosiepamflet deur Suid-Afrikaanse winkels te versprei. Spesiale staanders is aangekoop waarin die pamflette netjies by sekere verkooppunte by die kasregisters geplaas word. Dit blyk reeds baie goed te werk.

5.2 Korrespondensie word gereeld gevoer met internasionale e-pos-kommunikasiemediums (soortgelyk aan "Brokkies") en aanbieders van Afrikaanse projekte en kunstefeeste buite Suid-Afrika, soos die **InterAfrikaanse Trust** in Engeland.

5.3 Weens laasgenoemde verhoudings dra ons Klub tans vir elke uitgawe van **KLETS**, die grootste internasionale Afrikaanse e-tydskrif, 'n artikel by. Dit is 'n maandelikse blad.

5.4 Die Klub skryf ook vir elke uitgawe van die tweemaandelikse "**Connections**" (SANZ se lyfblad) 'n Afrikaanse stuk, in 'n rubriek onder die naam "Afrikaanse Watergat".

5.5 Die Klub skryf ook vir elke uitgawe van die maandelikse "**SA Independent**" ('n Australiese koerant vir Suider-Afrikaners) 'n Afrikaanse artikel.

5.6 Heelwat nuusvrystellings is pro-aktief aan die nuusmedia in Auckland verskaf, met baie positiewe nuusdekking die gevolg.

5.7 Een publikasie wat uitstaan, is die voorbladartikel wat aan KiwiKasie gewy is, in die **East Coast Bays Community Project** se kwartaalblad, wat as koerantinsetsel na elke huishouding op die Noordoewer van Auckland versprei is. Dieselfde publikasie het ook ‘n groot advertensie oor die Afrikaanse konsert van Jannie du Toit (by KiwiKasie se Hoofffes) gepubliseer.

# 6. ***Klubdienste***

## 6.1 E-tydskrif: “Uit-maar-Tuis”

“**Uit-maar-Tuis**” is die klub se amptelike lyfblad of e-tydskrif. Dit bevat meestal artikels oor klubprojekte wat verby is. Dit bevat ook gereelde rubrieke wat immigrante van hulp kan wees, bied ‘n gespreksforum en dien verder as ontspanningslektuur in Afrikaans.

Die feit dat UMT in elektroniese formaat (as PDF-lêer) versprei en op die Klub se webblad geplaas word, maak dit baie toeganklik. Net soos met “Brokkies” die geval is, is die leserstal waarskynlik baie hoër as wat die huidige intekenaarbasis van 1,500 wil suggereer, aangesien ‘n onbekende aantal persone dit op de web lees. Omdat dit ook as aanhangsel versprei word, stuur talle mense dit verder aan familie en vriende aan.

## 6.2 E-nuusbrief: “Brokkies”

“Brokkies” (die Klub se elektroniese, weeklikse kommunikasiemedium) is steeds ‘n onmisbare deel van die Klub se werking en ondersteun die Klub geweldig as pro-aktiewe nuus- en advertensiemedium. Vanjaar is ‘n heel nuwe voorkoms en formaat ontwerp en ingestel. Dit het ‘n nuwe metode van werking vereis, wat ‘n interessante nuwe leerervaring meegebring het. Die nuwe voorkoms, deur die webmeester, Mara-Marie Joubert ontwerp, is baie positief ontvang. Omdat die blad al langer word, is begin met ‘n stelsel van lewendige skakels binne-in die blad, wat die leser se soektog makliker kan maak.

Dit is ook ‘n ideale promosiemedium vir die Klub se eie projekte en is as sulks deeglik aangewend. Natuurlik is dit ‘n waardevolle bron van inkomste vir die Klub, waarmee lopende uitgawes gedek kan word. Juis omdat “Brokkies” ‘n konsekwente stroom van gereelde inkomste vir die Klub verseker het, was dit vir die BK moontlik om vir die eerste keer ‘n elektroniese kommunikeerder teen betaling aan te stel.

Edsia van Wyk is laat in 2003 op projekbasis as E-kommunikeerder aangestel, om nie net “Brokkies” se samestelling te hanteer nie, maar ook alle elektroniese navrae (per e-pos) wat van mense elers ter wêreld, maar ook plaaslik, ontvang word. Die E-kommunikeerder rapporteer regstreeks aan die Skakelbeampte, en laasgenoemde behou die rol van Eindredakteur van “Brokkies”. Die Eindredakteur verseker kwaliteitbeheer en stuur die publikasie uit. Die E-kommunikeerder bestuur en hou ook die adreslys by.

Ten tye van die skrywe hiervan was daar 1,500 adresse op “Brokkies” se intekenaarlys.

## 6.3 Webblad

Die Klub se webblad word gereeld van nuwe, vars inligting voorsien. Die Klub het ‘n taak om ook voornemende immigrante in Suider Afrika d.m.v. die Klub se webblad in te lig oor omstandighede in Nieu-Seeland, asook om aan te toon dat daar wel op positiewe wyse met Suider-Afrikaanse aktiwiteite gewerskaf word.

Die hoofadvertensie op die Klub se tuisblad is na drie uitgebrei, sodat drie adverteerders se advertensies afsonderlik, elke agt sekondes roteer. Elkeen het $800 betaal om vir die boekjaar te adverteer.

Die lys van skakels is verder uitgebrei. Omdat baie mense vanuit SA oor omstandighede in Nieu-Seeland navraag doen en dit dikwels moeilik is om bevredigende antwoorde vir die uiteenlopende vrae te verskaf, is skakels na webblaaie gekies wat aan voornemende immigrante goeie inligting kan verskaf; ook ten opsigte van werksoek.

So ook is al meer projekte met berigte en foto’s toegelig en op die webblad vermeld. Die argief beslaan al ‘n aardige klompie bladsye.

Baie dankie weer eens aan Mara-Marie Joubert, vir haar vrywillige en kwaliteitdiens wat sy aan die Klub lewer deur ons webblad voortdurend by te werk en met kunstige kreatiwiteit vars en interessant te hou.

Die NZ Herald-koerant het onlangs uit die Engelse gedeelte van ons webblad aangehaal, as deel van ‘n baie positiewe berig oor die Klub se werk.

Baie dankie ook aan Andre Joubert, ons IT-raadgewer, vir sy positiewe bydrae deur die jaar, om al die komplekse tegniese aspekte te hanteer en aan die BK te verduidelik.

## 6.4 Leenbank van huishoudelike goedere

Hierdie diens is vir die eerste keer sedert die ontstaan van die Klub gestaak. ‘n Definitiewe afname in navrae is ervaar, wat toegeskryf is aan die feit dat al meer nuwe aankomelinge in die land iemand hier ken, hetsy familie of vriende, by wie hulle hul eerste paar weke deurbring. Die aanhou van al die voorraad was ‘n groot taak en het baie ruimte opgeneem by iemand se huis. Omdat dit nie meer produktief was nie, is die diens gestaak. Geen negatiewe reaksie is ontvang nie en ons aanvaar die behoefte hierna is uitgedien..

## 6.5 Inligting aan voornemende immigrante

Soos in par. 6.3 vermeld is, word baie voornemende immigrante gehelp met inligting deur goedgekose skakels op die Klub se webblad. Ook word honderde individuele navrae per jaar van mense uit die buiteland beantwoord.

## 6.6 Ander dienste

Die Klub het by verskeie geleenthede Afrikaanse musiek-CD’s verkoop. Ons is dankbaar dat die “South African Kaffee” in Browns Bay nou self Afrikaanse musiek en tydskrifte verkoop, aangesien dit baie druk op die Klub se vrywillige stelsel plaas om daamee vol te hou. Die uitdrukking “skoenmaker hou jou by jou lees” is hier van toepassing. Deurdat ander instansies hierdie produkte verkoop, kan die Klub se vrywilligers op hul kerntake bly fokus.

# 7. ***Lidmaatskap***

Soos verlede jaar afgekondig, het die Klub vanjaar die stelsel van **hernuwing** van lidmaatskap ingestel en aktief geadministreer, met die goeie ondersteuning van ons Sekretaresse, Leonie Peters. Die databasis is verbeter en ‘n nuwe lidmaatskapkaart is vir elke lid vervaardig en aan hulle gepos. Baie dankie Leonie!

Ons is oortuig dat ‘n stelsel van formele, ingeskrewe lidmaatskap baie belangrik is in hierdie tipe organisasie, wat soveel aksies loods, soveel mense in die breër gemeenskap verteenwoordig en met soveel van daardie mense se geld werk. Ter wille van deursigtigheid, goeie bestuur en verantwoordbaarheid, is geoordeel dat lidmaatskap sal bly voortbestaan en dat jaarlikse hernuwing die entoesiastiese kerngroep sal identifiseer, wat die behoefte het om “hul saak” te steun deur hul lidmaatskap. Dit verskaf ook meer legitimiteit as die BK weet dat hulle namens ‘n bepaalde groep mense werk en praat.

Soos belowe, is vanjaar ‘n stelsel van ledevoordele ingevoer. Behalwe vir afslag wat by sekere besighede beding is vir houers van lidmaatskapkaarte, is ook aansienlike bedrae afgeslaan sover dit toegangspryse na Klubprojekte betref.

Ons moedig elke Klublid aan om jaarliks hul lidmaatskap teen die verlaagde bedrag te hernu. Hou so jul organisasie relevant en solvent. Dis ‘n klein simbool van jul verbintenis.

# 11. ***Strategiese Verhoudinge***

## 11.1. Multi-Cultural Society

11.1.1 Die Afrikaanse Klub is by hierdie multi-kulturele liggaam van Auckland geaffilieer. Ons het weer vanjaar by talle van hul funksies Afrikaanse sangitems bygedra (dankie Marinda de Villiers en die AfriCapella-mannesanggroep!) Ons werk ook gereeld saam aan hulle projekte se organisering.

11.1.2 Deur ons kontak met hierdie liggaam het die Klub ook uitnodigings ontvang na van hul lid-organisasies se kultuurdae, bv. die Indiese groep. Verder is ons uitgenooi om deel te neem aan multi-kulturele feeste op verskeie plekke.

11.1.3 Die Klub het ook ‘n prominente lid en vorige voorsitter van die Multi-cultural Society genooi om saam met ons verteenwoordiger as seremoniemeester op te tree by die afgelope KiwiKasie Kunstefees se Rimpelfees.

## 11.2 South African in New Zealand Charitable Trust (SANZ)

Die BK het vanjaar – soos verlede jaar – weer uitgereik na **SANZ**, omdat ons hulle as buurmanne beskou. Hul trustees en bestuurskomitee is na KiwiKasie uitgenooi. As ‘n teenprestasie het SANZ heelwat blootstelling aan die Klub se projekte gegee in hul lyfblad, “Connections”.

Hoewel ons wedersyds besef dat ons twee organisasies ons eie unieke fokusareas en doelstellings het en elkeen mekaar sy bestaansreg gun, het

ons algaande besef dat dit die moeite werd is om mekaar as mede-Suid-Afrikaners te ondersteun en versterk.

## 11.3 SA Supporters Club

Op 26 April 2003 het die Klub ‘n stalletjie opgesit by die **South African Supporters Club** (SASC) se Mandela Sokkerdag en koeldrank verkoop. Dt is gedoen nadat ‘n uitnodiging van hulle ontvang is om ‘n diens daar te kom lewer. Ons twee Suid-Afrikaanse organisasies se verhouding is baie gesond en gereelde kommunikasie vind plaas.

Die Supporters Club het ook aan KiwiKasie se hoofkonsert deelgeneem.

## 11.4 Suid-Afrikaanse Ere-Konsuls

Die Klub het sy puik verhouding met Suid-Afrika se twee Ere-Konsuls in Nieu-Seeland, prof. Nick van der Walt (Ere-Konsul van SA in Auckland) en mnr. Gregory Fortuin (Ere-Konsul van SA in die res van Nieu-Seeland), verder uitgebou met gereelde interaksie en ondersteuning.

Die Klub het by een geleentheid op baie kort kennis vir prof Van der Walt bygestaan, deur verskeie tradisionele stamhoofde vanuit Suider-Afrika se tradisionele gebiede, soos die Transkei, op die Aucklandse lughawe te gaan afhaal en vir ‘n dag lank in Auckland rond te ry en te trakteer. Hulle was deel van ‘n kultuur-uitruilingskema tussen Suid-Afrika en Nieu-Seeland.

Die Klub het weer saam met prof. Van der Walt die burgemeester van Auckland se jaarlikse vlaghysingseremonie by die stadsaal bygewoon en ‘n banket bygewoon. Die burgemeester van Auckland bied dit aan vir alle immigrantegroepe wie se lande van oorsprong diplomatieke betrekkinge met Nieu-Seeland het.

Albei here het ook KiwiKasie as eregaste bygewoon en baie gunstige terugvoering gegee.

Deur hul bemiddeling is ook gesprekke gevoer met sekere Nieu-Seelandse politieke leiers, asook met die nuwe Hoëkommissaris van Suid-Afrika in Australië. Hierdie geleenthede was baie waardevol deurdat die benadering van die Klub verduidelik kan word, sodat beter begrip by hulle gevorm kon word. Ook is die Suider-Afrikaanse immigrant se bruikbaarheid en positiwiteit in Nieu-Seeland in ons geprekke met hierdie mense beklemtoon. Geleenthede vir verdere gesprek en samewerking is ook ondersoek.

## 11.5 Afrika Fees

Die Afrikaanse Klub en die SA Supporters Club het weer – soos verlede jaar - besluit om skouer aan skouer stalletjies op te rig by die afgelope Afrika-fees in Howick, Auckland. Hoewel elkeen sy eie belange gepromoveer het, het ons daarmee aan die publiek die boodskap oorgedra dat ons almal Suider-Afrikaners is wat mekaar ‘n plekkie in die son gun en bevriend is. Hierdie boodskap het groot byval gevnd by Suid-Afrikaners.

## 11.6 East Coast Bays Community Centre

Die Afrikaanse Klub is betrokke by hierdie sentrum en het ‘n verteenwoordiger op hul komitee. Ons is so ver moontlik betrokke by hul projekte. Hulle gee

positiewe blootstelling aan ons Klub se bedrywighede d.m.v. hul nuusbrief aan die publiek. Ons Klub is ook gelys in hul "Community Groups"-boek, wat deur die "Citizens Advice Bureau" versprei word. Ons groot dank gaan veral aan Saly Cargill, die Kiwi-dame met wie ons 'n fantastiese verhouding opgebou het, en wat besluit het om vanjaar ons KiwiKasie Kunstefees te ondersteun.

## 12. ***Borgskappe***

Vanjaar het nie minder nie as ses borge saamgespan om die Klub se KiwiKasie Kunstefees moontlik te maak. Die Bestuurskomitee se beleid is om baie goed na ons borge om te sien en die nodige blootstelling te gee in ruil vir hul fantastiese ondersteuning. Tussen die ses het hulle 'n rekordgetal van meer as $8,000 se borgskappe bygedra. Hulle is: (Bedrae is benader)

- Richard & Annelien Piechazek (**AI Financial Services**) - $2,500
- Creative New Zealand (**Die staat)**) - $2,000
- The Old Villa Dental Centre (Hamilton) – Dr. Henk Eksteen - $1,500
- Christo & Caroline Minnie (**Nautilus Financial Services**) - $1,000
- David en Marietjie Vorster (**Stationery World**)
- Hugo & Riana McGrath (**Speedy Signs Takapuna**)
- Jaco & Brenda Bosman (**Seaviews Gastehuis**)
- Oom Fred en tannie Nellie Peens **(Fred's Fine Foods**)
- Arina Grobler (**Annique NZ**)

Baie dankie aan hierdie borge. Julle het voorwaar in jul eie gemeenskap belê. Ons hoop ons lede ondersteun julle ook goed. (Die borge se kontakbesonderhede is op die Klub se webblad beskikbaar, onder "Koel Skakels", en onder "KiwiKasie"-nuus.)

## 13. ***Vooruitskoue vir 2003 en daarna…***

As alles volgens plan verloop, en indien ons voldoende vrywillige helpers kan kry, wil ons – benewens die normale dienste – ook aan die volgende sake aandag gee:-

13.1 Ons is besig om 'n Jeugblad vir die Klub se webblad te ontwikkel. Baie dankie aan Mara-Marie Joubert, ons webmeester, vir haar kreatiwiteit en werk in hierdie verband. Ons hoop om binnekort hierdie blad te loods.

13.2 Afrikaanse lesse vir die kleinspan op die Internet is nog net 'n gespreksonderwerp, maar ons hoop om hiermee te begin vorder.

13.3 Verdere deurlopende beeldbou-aksies, nie net ten gunste van die Afrikaanse Klub nie, maar ook ten gunste van die Afrikaanssprekende in die besonder.

13.4 Ons hoop om die Afrikaanse boeke vir Kiwi-biblioteke verder uit te brei, na ander biblioteke in Auckland of elders. Ons beplan ook om meer Afrikaanse boeke vanuit Suid-Afrika aan te koop, om die Browns Bay-biblioteek se nuwe versameling verder toe te rus.

13.5 Ons is reeds in gesprek met die vervaardigers van die immergewilde TV-program "Noot vir Noot" in Suid-Afrika, rondom die moontlikheid dat hulle dalk 'n toer na Nieu-Seeland kan onderneem. Indien dit uitwerk, sal ons dalk KiwiKasie rondom hierdie unieke konsep tooi.

13.6 Ledewerwing sal – soos in 2004 - ook groot aandag kry.

## 14. ***Slot***

Ek bedank 2003 se Bestuurskomiteelede, die talle medewerkers, adverteerders, borge, lede en ander ondersteuners van die Klub hartlik vir ‘n wonderlike jaar van samewerking. Ons glo die Afrikaanse Klub het vanjaar groot hoogtes bereik.

Ek gee hiermee ook erkenning aan en dank teenoor ons Almagtige en Drie-enige God, by wie ons ons talente en ywer ontvang het om dinge op aarde te doen.

Ek wens elke lid van Klub en elke ander persoon wat met ons ‘n belang deel, ‘n baie vreugedevolle Kersfees toe. Mag elkeen dit as ‘n ware Christusfees beleef.

***Philip Langenhoven***
***Voorsitter***